BEELD, Plus
Tuesday, 08 December 2009, p. 8

Koop kalender en help 'n hond

Dié Kerstyd kan jy help om straathonde te voed deur 'n pragtige kalender te koop.

Dis nie net mense wat swaarkry in die swaar ekonomiese tye nie, maar ook troeteldiere. Die lewenskoste styg en al hoe meer mense gee honde prys of laat hulle aan hul lot oor, sê die organisasie African Tails, wat verwaarloosde straathonde in die Du Noon- en Joe Slovo- informele nedersettings in Kaapstad red, steriliseer en versorg.

Volgens Animal Anti-Cruelty in Suid-Afrika het die aantal honde wat in Kaapstad se noordelike voorstede van 2008 tot 2009 aan hul lot oorgelaat is met 30% toegeneem.

"In moeilike tye kyk mense na hul geldsake om te sien waar hulle kan besnoei en troeteldiere is ongelukkig

Só lyk die 2010-kalender van African Tails waarmee geld ingesamel word om straathonde te help.

'n maklike teiken," sê Chester Ho, handelsmerkbestuurder van die hondekos Pedigree. "Sommige kan dit net nie meer bekostig om hul diere te voer nie en ander moet na goedkoper verblyf trek wat nie troeteldiervriendelik is nie."

Yael Fialkov, woordvoerder vir African Tails, moedig mense aan om nie eenvoudig van hul honde ontslae te raak as hulle dit nie meer kan bekostig nie, maar die diere eerder na hul naaste diereredingsorganisasie te neem.

Pedigree het onderneem om African Tails volgende jaar weer van hondekos te voorsien en borg ook die African Tails 2010-kalender. Opbrengste uit die verkoop van die kalender sal gebruik word om honde in Kaapstad te steriliseer. Dié kalender met foto's van honde wat gered is, is landwyd by takke van Exclusive Books, ander boekwinkels en sekere veeartse en troeteldierwinkels te koop. Besoek www.africantails.co.za vir inligting oor die organisasie.